WOENSDAG 30 JANUARIE 2008
VOLKSBLAD
Redakteur Frans Coetzee 053 831 2331 082 78 77 999
E-pos NKkontrei@volksblad.com
Advertensies
Kimberley-kantoor 053 831 2331
Upington-kantoor 054 331 3482

SPEX & TIME
Wye reeks bekende handelsmerke
Tel/faks. 054 332 6610
Winkel 14 · Ancorley-arkade · Upington

Oupa sê dis sy laaste vlug

Vlieg met helikopter

■ FRANS COETZEE

BARKLY-WES. – Rietskraal, geklee in swart skoene, 'n swart langbroek, geruite hemp en kakie-kleurige keps met 'n helikopter-embleem het Oupa Sollie Motsamai (82) die viersitplek-helikopter verlede Woensdag hier op die Mattanu-wildplaas bewonder.

Krom, met die olienhoutkierie stewig tussen die seningrige vingers geklem, het die grysaard stadig rondom die meganiese voël geskuifel.

"Hoe lyk hy vir Oupa?" het Johann Kriek, helikopter-vlieënier gevra.

"Gits man, heel skaflik," het Oupa geantwoord. "Sommer baie groter as die ou tweesitplekkie."

Met die "ou tweesitplekkie" het Oupa Sollie en Johann se pa, dr. Johan Kriek, vroeër talle vlugte oor die wildplaas onderneem.

Toe het die vlieënier die afgetrede plaaswerker in die vliegmasjien gehelp, die veiligheidsgordel verstel en die oorfone op sy kop geplaas.

Vir 'n wyle het Johann die kontroles nagegaan, die enjin aan die gang gesit en die lugskroef gedraai.

In die lug was Oupa Sollie besonder stil. Hy het gemaklik in die skerp draaispirale gelê terwyl die helikopter nader aan die wild op die vlakte geduik het.

"Nou gaan ons bietjie boontoe, Oupa," het Johann geskerts. "Kyk, ons raak byna aan die wolke. Geniet Oupa dit?"

"Jaaaa," het Oupa gesteun.

Terug op die vaste aarde het Oupa belangstellend gekyk hoe Johann die beheerpaneel afskakel.

"Hoekom pomp jy so met die voete," wou hy weet.

"Dis vir die stert-rotor. Later dink jou voete sommer vir hulself as jy 'n dwarswind tref."

Oupa Sollie het vertel hy is op die plaas Rooipan naby Jacobsdal gebore. In sy lewe het hy op verskeie plase in die Noord-Kaap gewerk, voordat hy tuinier vir dr. Kriek was.

Johann het voor hom grootgeword.

Deesdae bly hy by 'n dogter in Beaconsfield, Kimberley.

"Ek was opgewonde toe Johann sê hy wil my met die helikopter opvat. Dit is my laaste vlug," het Oupa agterna gemymer.

"As die Here nou roep, sal ek ja sê. My lewe is verby.

"Miskien, as ek my lewe kon oorkry, sal ek 'n helikopter-*pilot* wil wees."



SY laaste vlug. Oupa Sollie Motsamai (82) kyk na Johann Kriek, vlieënier, terwyl hulle hoog oor die aarde skeer. (sien foto's van plesiervlug op bl. 9.) FOTO: FRANS COETZEE

BARKLY-WES. – Oupa Sollie Motsamai (82), 'n afgetrede plaaswerker van 'n wildplaas op Barkly-Wes wat deesdae in Kimberley woon, het verlede Woensdag sy laaste helikoptervlug by sy voormalige werkgewer se seun in 'n Robinson R44 Raven II-viersitplekhelikopter belewe. Hier is 'n fotobeeld van die grysaard in vlug oor die wildplaas Mattanu.

HOOG bo die aarde. FOTO'S: FRANS COETZEE

BUFFELS op die groen vlakte.



OUPA SOLLIE MOTSAMAI bekyk swartwitpense uit sy vliegstoel.

MNR. JOHANN KRIEK (links), vlieënier, en Oupa Sollie Motsamai (82), net voor die opstyg.

PLESIERVLUG VIR OUDWERKER: Oupa Sollie Motsamai (82) van Kimberley, 'n oudplaaswerker van dr. Johann Kriek, veearts en bekende wildboer van Barkly-Wes, was gister 'n passasier in die Krieks se splinternuwe Robinson R44 Raven II- viersitplek-helikopter op 'n plesiervlug oor die wildplaas. Mnr. Johann Kriek (links), oudste seun, was die vlieënier. Vroeër jare het Motsamai verskeie vlugte saam met dr. Kriek in sy vorige tweesitplek-helikopter hier onderneem.
FOTO: FRANS COETZEE